

Sing vooraf staande: Psalm 68:8, 9 (p. 333)

- 8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgesewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinaï in heiligheid, / deur bliksemlik omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.
- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 69:7, 8 (p. 343)

- 7 Wil, HEER, die waters om my stuit, / laat nie die dieptes my verslind; / die put waarin ek my bevind,
laat hom sy mond nie bo my sluit. / Verhoor my, want u guns is goed, / u medelye 'n oervloed.
- 8 Aanskou my in barmhartigheid: / dit is vir my benoud en nou. / Verhoor my, HEER, verhoor my gou,
en maak dit om my heen weer wyd. / Die skande en smaad wat my onteer,
my vyand self, U ken hul, HEER.

Gebed

Psalm 47:1, 2 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 2 God die HEER so groot, het sy arm ontbloot; / hul wat ons omring, het Hy saamgebring
dat hul trotse nek ons tot voetbank strek. / Hy, die sterke God, kies vir ons ons lot:
Jakobs pronkjuweel, Kana'n, word ons deel. / Dit is aan sy kneg gunstig toegeseg.

Skriflesing: Johannes 16:5-15; Romeine 8:31-39;

Heidelbergse Kategismus, Sondag 18:46, 49

Kernvers: Johannes 16:7; Romeine 8:34

Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur. (Johannes 16:7 AFR53)

Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. (Romeine 8:34 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 46

Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?

Antwoord:

Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem (a) en Hy is vir ons daar ten goede (b) totdat Hy weer kom om oor die lewendes en die dooies te oordeel (c).

(a) Hand 1:9; Mark 16:19; Luk 24:51. (b) Heb 9:24; 4:14; Rom 8:34; Kol 3:1. (c) Hand 1:11; Matt 24:30.

Vraag 49

Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord:

Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is (a). Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem (b). Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur (c), deur wie se krag ons soek wat daar bo is, waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie (d).

(a) 1 Joh 2:1; Rom 8:34. (b) Joh 14:2; 17:24; 20:17; Efes 2:6. (c) Joh 14:16; 16:7; Hand 2:33; 2 Kor 1:22; 5:5. (d) Kol 3:1.

Tema: Jesus Christus is nou ter wille van ons in die hemel

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die wêreld se stilswye oor die hemelvaart van Jesus Christus is nogal opmerklik. Tydens Kersfees gedenk die kerk die geboorte van Jesus en ons loof die Here omdat Hy sy Seun vir ons gee om in ons plek te ly. Die wêreld kan ook nie genoeg kry van die Kersseisoen nie. Sommer al van Oktobermaand af word die winkels versier en die kamtige winskopies uitgepak. Maar dan, en dit is die ongeluk van al die opsmukkery, weet die wêreld ook nie regtig waaroor dit gedurende Kersfees gaan nie. Vir hulle is dit bloot 'n geleentheid om sakke vol geld te maak. En die inkomstesifers van die jare word vergelyk om 'n oordeel oor die stand van die ekonomie uit te spreek.

As 'n mens dan moet sê hoekom die wêreld niks rep oor die hemelvaart nie, kan 'n mens oordeel dat hulle nie weet hoe om geld op hierdie dag te maak nie. Daaroor kan ons Christene dankbaar wees. Die in-sonde-gevalle-wêreld buit nie hierdie dag ook uit nie. Aan die ander kant maak die wêreld nie veel van die hemelvaart nie, miskien omdat die Satan en die ongelowige mense nie hulle nederlaag teen Christus wil erken nie. Hy het immers hulle vader, die duiwel, oorwin en sit nou as Regeerder aan die regterhand van God in die hemel.

Die wêreld kan nog moontlik verskoon word oor hulle stilswye oor hemelvaart, maar wat van die kerk? Die kerk kan en mag tog nie daarvoor stilbly nie. Die kerk moet met groot blydschap vervul wees oor Jesus Christus se hemelvaart, soos wat die apostels met groot blydschap vervul was toe hulle Hom sien opvaar het na die hemel. Jesus Christus is immers nou ter wille van ons in die hemel.

Of is die kerk se mindere ophef van die hemelvaart daaraan te wyte dat die kerk dit nie behoorlik begryp nie? Is die feit dat die Mens Jesus Christus na die hemel opgevaar het so 'n vae werklikheid dat dit eintlik vir die moderne mens wat wil sien en glo eintlik 'n onmoontlikheid en uiteindelik 'n onwerklikheid geword het? Geliefdes, dit is nie so vergesog om sulke dinge te sê nie. Daar is dan selfs bekende teoloë wat die hemelvaart

van Jesus wil afmaak as 'n fantasie van Lukas, want hy is die enigste een wat oor die hemelvaart van Jesus geskryf het. En dan sê hierdie teoloë nog dat Lukas dit geskryf het om aan die mense van daardie ou tyd 'n verduideliking te gee oor hoekom Jesus Christus nie meer gesien kan word nie. Vir hierdie teoloë het Jesus gesterf, en sy liggaam is begrawe en Hy het nie opgestaan en opgevaar na die hemel nie. Dit was maar net 'n verskyning van Jesus Christus wat die dissipels gesien het. Dit is egter nie net slim teoloë wat sulke dinge kwytraak nie. Die man op die straat wat homself by die Jehovasgetuies skaar glo ook dat dit net 'n geestelike verskyning is wat die dissipels gesien het.

Maar om uit die verstrikking van hierdie drade te kom en daaruit te bly het die Heilige Gees die kerk al van die vroegste tye af gelei om openlik te bely dat Jesus Christus opgevaar het na die hemel. En die Gees het ook ons vaders gelei om die troos van Christus se hemelvaart vir ons in woorde weer te gee soos wat die Here dit in die Bybel openbaar.

Wanneer 'n mens oppervlakkig na die antwoord van vraag 46 kyk, lyk dit of daar nie veel meer gesê word as wat in die vraag gevra word nie. Op die vraag: **Wat verstaan jy onder: opgevaar het na die hemel?** word daar eintlik net geantwoord: *Dat Christus opgevaar het na die hemel.* Met hierdie eenvoudige antwoord word egter sterk standpunt ingeneem teenoor die Lutherse siening aangaande Christus se bestaan as Mens na die opstanding uit die dood. Ons sal egter volgende Sondag op hierdie saak ingaan wanneer ons by vraag 47 en 48 gaan stilstaan.

Vanoggend is van belang die feit dat Jesus Christus as ware mens en ware God opgevaar het na die hemel. Die gedeelte uit Johannes waarna ons vanoggend geluister het, is 'n deel van die hele gesprek wat Jesus met sy dissipels gehad het in die nag voordat Hy verrai is. Hier hoor ons Jesus self sê dat Hy na Hom toe gaan wat Hom gestuur het. Die dissipels, hoewel in hierdie stadium baie verward, het geweet van wie Jesus praat as Hy sê *Hom wat My gestuur het.* Dit is God die Vader. En die Vader is in die hemel waar Hy regeer oor die skepping en dit onderhou. Jesus sê duidelik dat Hy teruggaan na die Vader toe wat in die hemel is. En Hy het dit nie net een maal gesê nie, maar verskeie kere in daardie selfde gesprek.

Hoewel Jesus nie in soveel woorde sê dat Hy na die hemel gaan opvaar nie, sê Hy tog dat hulle Hom nie meer sal sien nie. Hy gaan met die liggaam wat Hy nou het en wat sy dissipels kan sien, opvaar na die hemel. Dit is eers na sy opstanding dat Jesus in soveel woorde aan Maria Magdalena sê dat sy Hom nie moet vashou nie. Hy moet immers opvaar na die Vader toe. Jesus kan nie meer in sy liggaam op aarde bly na sy opstanding nie, want die liggaam is verheerlik en sy werk as Verlosser op die aarde is volbring – dit is voltooi.

Toe die hemelvaart uiteindelik gebeur en die dissipels dit gesien het, het hulle verstaan wat Jesus in daardie nag voor sy kruisiging bedoel het. Met hulle eie oë het hulle gesien hoe Jesus Christus as ware mens en ware God opvaar na die hemel. Daarom kan Paulus sonder enige twyfel sê dat Christus aan die regterhand van God in die hemel sit (Rom 8:34). Hy wat Paulus is het Jesus Christus immers in die hemel gesien. Dit het hy aan die Korintiërs geskryf in sy tweede brief aan hulle (2 Kor 12:2-4). Hy was ook teenwoordig toe Stefanus gestenig is. Terwyl Stefanus gestenig is, het hy gesê dat hy vir Jesus Christus in die hemel aan die regterhand van God sien staan (Hand 7:55-56).

Geliefdes, as die liggaamlike hemelvaart of die hemelvaart van Jesus in die algemeen net 'n fabel is, dan is daar baie mense wat vir ons leuens vertel het, nie net Lukas nie. Nog

erger, ons aanvaar en glo met ons hele hart dat die Bybel die Woord van God is en wat hierin geskryf staan is die waarheid. As die hemelvaart van Jesus net 'n versinsel is, soos sommige mense wil sê, dan sê hulle eintlik dat God self vir ons lieg. Dit sal God egter nooit doen nie, want Hy is heilig. Hy is die waarheid en Jesus Christus is die waarheid. In Hulle is daar geen leuen of bedrog nie. Daarom kan ons sonder om enigsins te twyfel aan elke mens openlik sê dat Jesus Christus werklik as ware mens en ware God in die hemel is aan die regterhand van God.

Christus het egter nie na die hemel opgevaar om van hierdie Godvyandige wêreld te ontsnap en veilig langs sy Vader te gaan sit nie. Daarom bely ons dat Hy vir ons daar ten goede is. Sy werk as Middelaar tussen God en die mense – en veral tussen God en God se kinders – het nog nie opgehou nie. Jesus Christus is ter wille van ons by sy Vader in die hemel, want Hy het duur betaal vir sy bruid wat nou nog op die aarde is. Hy het haar met sy kosbare bloed gekoop. Daarom het Jesus se hemelvaart 'n drievoudige troos vir ons.

Ten eerste, Christus is **ons Voorspraak in die hemel by sy Vader**. 'n Voorspraak is iemand soos 'n advokaat wat jou saak voor die regter stel. Dit is op aarde al 'n voorreg as iemand jou saak kan stel soos wat 'n advokaat dit byvoorbeeld in 'n hofsaak vir 'n mens kan doen. Hoe wonderlik is dit dan om te weet dat Christus ons Voorspraak by die Vader is. Hy ken die Vader ten volle, want Hy en die Vader is een. Hy weet honderd persent wat die Vader se wil is, daarom kan Hy ons saak ook honderd persent volgens die Vader se wil aan die Here God stel.

In Christus het ons dan 'n liefdevolle, wyse en getroue Advokaat, 'n Voorspraak, aan wie ons ons hele regsak kan toevertrou. Hy sal nie probeer om ons met slimpraatjies vry te pleit nie. Nee, so eerlik en opreg as wat ons ons skuld en sonde in gebed bely, so eerlik lê Hy ons skuld voor die Vader, ons Regter.

Maar tegelykertyd toon Hy aan die Regter sy Lamsgestalte. Hy wys vir God sy hande en voete waardeur die spykers geslaan is toe Hy vir ons sondes gekruisig is. En Hy pleit: Vader, U het self al u kinders se skuld op My gelaai, en U het u toorn oor al die sondes op My uitgegiet. U het My klaar gestraf daarvoor. Spreek u kinders dan nou vry en skenk aan hulle u ewige liefde. Wanneer Christus as ons Voorspraak vir ons by God pleit, doen Hy dit nie op grond van wat iemand anders gedoen het nie, maar op grond van die werk wat Hy self aan die kruis volbring het.

Sy gebed vir ons is nie kenmerkend van 'n wens of 'n begeerte nie. Dit is 'n eis. Omdat Hy ons skuld met sy eie kosbare bloed betaal het, kan en mag Hy tot sy Vader bid: **Vader, Ek wil hê ...** (Johannes 17:24 AFR53), want Ek het klaar betaal.

As ons vir die soveelste keer gesondig het, ontrou was, God beledig en vertoorn het, gebede bykans gedagteloos afgerammel het, die Heilige Gees bedroef het, geen erns met ons sondes gemaak het nie ... dan bid Hy vir ons dat die Vader ons in genade moet aanskou omdat Hy aan die kruis gesterf het vir al ons sondes.

Geliefdes, wanneer Christus se hemelvaart vir 'n mens 'n werklikheid is, en jy kan bely dat Hy ook ter wille van jou in die hemel aan die regterhand van sy Vader is, sal jy deur die kragtige werk van die Gees ook hierdie troos jou eiendom kan maak deur die geloof. Dan kan jy uit volle bors saam met Paulus sing:

Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.

(Romeine 8:34 AFR53)

Die tweede deel van ons troos is dit: Christus se hemelvaart beteken **dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy as die Hoof ook ons sy lede na Hom toe sal neem**. As Christus nie as ware mens na die hemel opgevaar het nie, sou ons hierdie tweede deel van antwoord 49 nooit kon bely het nie. Dan sou ons ook maar moes sê dat ons liggame in die graf ingaan om nooit weer daaruit te kom nie.

Maar Christus het met sy menslike liggaam uit die graf opgestaan. Dit het Hy onteen-seglik aan die dissipels een aand na die opstanding bewys toe Hy voor hulle oë 'n stuk gebakte vis geëet het (Luk 24:43). Tomas wat aanvanklik getwyfel het, het ook geglo en bely dat Jesus Christus opgestaan het met die liggaam soos hulle Hom voor die kruisiging geken het (Joh 20:28). En met hierdie einste liggaam het die dissipels Jesus sien opvaar na die hemel.

Daarom kan ons bely dat Christus se hemelvaart beteken dat ons ons menslike natuur as 'n betroubare waarborg in die hemel het. Christus se menslike liggaam en siel is presies dieselfde as ons menslike liggaam en siel. En die feit dat Hy met hierdie liggaam en siel nou in die blote teenwoordigheid van God in die hemel is, is vir ons die waarborg dat ons ook weer eendag as volledige mense voor God in sy heilige teenwoordigheid sal mag verskyn. Die breuk wat daar tussen God en die mens gekom het by die sondeval, is volmaak herstel.

Op baie plekke in die Ou Testament hoor ons dat die mens God nie mag aanskou nie. Iemand wat die Here God gesien het, sou sterf. Nou, nadat Christus die versoening ge-doen het deur sy kruisoffer, hoef ons nie meer te vrees nie. Die mens mag voor God kom; Christus se liggaamlike teenwoordigheid in die hemel voor die Vader is die waarborg daarvoor.

Hierdie waarborg strek ook verder; dit hou die belofte in dat ons eendag regtig met lig-gaam en siel voor God sal kan verskyn. Christus sê immers in Johannes 14 dat Hy in die hemel plek gaan voorberei vir God se kinders en daarna kom Hy terug om ons na Hom toe te neem sodat ons kan wees waar Hy is (Joh 14:3). Hy bid dit ook in sy Hoë-priesterlike gebed:

Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld. (Johannes 17:24 AFR53)

Hoor dit, broers en susters en kinders, Jesus eis by die Vader dat ons by Hom sal wees. Hy wens dit nie maar net nie – Hy eis dit.

Sal ons nie daarom nog meer die Here se Naam loof en prys nie? Hy waarborg ons teenwoordigheid by God en Hy eis dit ook van God. En hierdie waarborg en belofte het ons deur die geloof omdat Christus na die hemel opgevaar het.

Ten derde **stuur** Christus in die hemel **sy Gees as waarborg na ons toe**. Dit het Christus in sy gesprek met die dissipels in die nag voor sy kruisiging bekend gemaak. Hy het gesê:

Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur. (Johannes 16:7 AFR53)

Pinksterdag is die bewys dat Christus opgevaar het na die Vader toe, want toe het Hy die

Heilige Gees na sy kerk gestuur.

Geliefdes, soos wat Christus ons menslike liggaam as 'n trouband by Hom het, wat Hom gedurig aan sy bruid op aarde herinner, so het Christus sy Heilige Gees aan ons gestuur as die trouband wat ons van Hom ontvang het. En soos 'n trouband 'n man of 'n vrou aan die ander een met wie hy of sy getroud is, herinner, so gebeur dit ook met ons deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees herinner ons gedurig aan ons Bruidegom wat nou nog in die liggaam ver van ons af is. Maar met die Bybel as die Woord van God herinner die Heilige Gees ons gedurig aan die woorde van liefde en trou wat ons Bruidegom vir ons het.

Die Heilige Gees verseker ons ook dat ons kinders van God is. Hy laat ons deur die geloof meer en meer deel kry aan al die gawes wat Christus vir ons aan die kruis verwerf het. En hoe meer die Gees met ons besig is, hoe meer maak Hy ons ook gereed om ons Bruidegom te ontmoet. Hy maak ons heilig sodat ons sonder enige rimpel of vlek voor ons Bruidegom en sy Vader mag verskyn.

Broers, susters en kinders, wanneer die hemelvaart vir ons 'n onbetwisbare werklikheid is, sal hierdie drievoudige troos van Christus se hemelvaart ook ons eiendom wees tot in ewigheid. Mag die Heilige Gees ons daarin lei om aan hierdie feit vas te hou dat Christus regtig in die hemel is. Daar bid Hy voortdurend vir ons. Daar is Hy vir ons die waarborg dat ook ons as mense eendag voor God sal kan verskyn. Van daar het Hy sy Heilige Gees gestuur om ons voortdurend aan Hom te herinner.

Amen!

Slotgebed

Psalm 47:3, 4 (p. 241)

- 3 God vaar voor die oog met gejuig omhoog; / die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal / God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor / Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!
- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 Maart 2014